

fresh
NES JY IS, WAAR JY IS

Blywende verandering begin by die erkenning van die waarheid - jou waarheid en God se waarheid. Dit vra wyse en deurdagte besluite, dit behels vernuwende denke en die krag van die Heilige Gees.

‘n Vyfde element herinner ons daaraan dat blywende verandering VIR ANDER ook is. Dit het ‘n groter doel as net jou eie behoeftes en geestelike of fisiese groei.

En as ons na die gemeenskap kyk, besef ons dat iets MOET verander…

Lees die volgende twee teksgedeeltes: **Galasiërs 6:1-10 en Kolossense 3:9-17.**


IETS MOET
VERANDER...

GALASIËRS 6:1-10

'Broers, as iemand deur een of ander sonde oorval word, moet julle wat met die Gees vervul is, *so iemand in 'n gees van sagmoedigheid reghelp*; maar let op jouself, dat ook jy nie versoek word nie. *Dra mekaar se laste, en vervul so die wet van Christus*. As iemand werklik meen dat hy iets is, terwyl hy niks is nie, bedrieg hy homself. Elkeen moet sy eie dade beoordeel. Dan sal hy trots kan wees slegs wat homself betref, en nie wat 'n ander persoon betref nie; want elkeen moet sy eie las dra. Wie onderrig in die Woord ontvang, moet die een wat hom onderrig, laat deel in al die goeie dinge wat hy besit. Moet julle nie laat mislei nie – God laat Hom nie bespot nie! Wat die mens ook al saai, sal hy maai. Hy wat in die vlees saai, sal uit die vlees vernietiging oes, maar hy wat in die Gees saai, sal uit die Gees die ewige lewe oes. *Laat ons daarom nie moeg raak om goed te doen nie, want as ons nie verslap nie*, sal ons op die regte tyd oes. *Laat ons dan, terwyl ons die geleentheid het, aan almal goed doen, maar veral aan die huisgesin van die geloof*. '

KOLOSSENSE 3:9-17

Moenie vir mekaar lieg nie, aangesien julle die ou mens en sy gewoontes uitgetrek het, en die nuwe mens aangetrek het, wat tot volle kennis en na die beeld van sy Skepper vernuwe word. By die nuwe mens is daar nie onderskeidings soos Griek of Jood, besnedene of onbesnedene, barbaar of Skittiër, slaaf of vry persoon nie, **maar Christus is alles en in almal**. *Daarom, omdat julle God se uitverkore heiliges en geliefdes is, beklee julleself met innige meelewing, goedheid, nederigheid, sagmoedigheid en geduld*. **Verdra mekaar en, as enigiemand 'n klagte teen iemand anders het, vergewe mekaar**. Soos die Here julle vergewe het, so moet julle ook vergewe.
Maar beklee julle, bo en behalwe al hierdie dinge, met die liefde, wat die band is wat alles volmaak saambind. Verder, laat die vrede van Christus in julle harte regeer. *As lede van een liggaam, is julle juis daartoe geroep*. En wees dankbaar. Laat die woord van Christus in sy volle rykdom in julle woon. **Leer en vermaan mekaar, in alle wysheid, deur met dankbare harte psalms, lofgesange en geestelike liedere tot eer van God te sing. En wat julle ook al doen, in woord of daad, doen alles in die Naam van die Here Jesus, terwyl julle God die Vader deur Hom dank.** '

Watter ooreenkomste is daar tussen hierdie twee tekste?

Wat vertel dit vir jou van die liggaam van Christus en elkeen se deel hierin?

Wat is spesifieke opdragte wat Paulus hier gee vir die huisgesin van geloof? Maak ‘n lysie.

Ons het ander mense nodig



Blywende verandering kan nie alleen gebeur nie. Ons het ander mense nodig om ons planne te laat realiseer en in stand te hou. God gee dalk vir jou die ideaal, die droom – maar dan het jy ander hulpbronne nodig van iemand anders – die finansies, die tyd, fisiese hulp.

Dink maar aan ‘n nuwe eetplan by die huis – jy kan dit nie aanpak sonder dat die res van die huis weet of deel is nie….

Ons het ander mense nodig vir ondersteuning, aanmoediging, aanspreeklikheid.

Wat benodig jy van ander mense vir die verandering wat jy in jou lewe wil sien, of nuwe planne wat jy wil aanpak?

Ons het verantwoordelikheid teenoor ander



Ons het nie net ander mense nodig nie, ons het ook ‘n verantwoordelikheid teenoor hulle. Veranderings is VIR ANDER – dis ‘n opdrag van God om vir jou naaste lief te wees en DAAROM wil en moet ons verander.

Dink maar aan gesondheid. Jy wil gesonder wees, sodat jy jou kinders kan sien grootword en sodat jy hulle kan inspireer. Jy wil van slegte gewoontes ontslae raak sodat jy ‘n beter werker, huweliksmaat, vriend en mens kan wees.

Wie dink jy kyk op na jou, het jou nodig, vir wie is jy ‘n rolmodel?

Onbewustelik hou mense jou dop, kyk op na jou, volg jou voorbeeld en is afhanklik van jou. Jy is dalk iemand se laaste hoop…

God het vir ons talente en gawes gegee tot voordeel van die opbou van die liggaam, die gemeenskap, Sy kerk.

Gemeenskap is God se voertuig



Deur en *in* en *vir* gemeenskap was nog altyd die manier waarop God gewerk het sedert die begin van die Bybel. Kyk maar net na Genesis:

- Drie-enige gemeenskap
- Gemeenskap tussen God en mens
- Gemeenskap tussen man en vrou – die kleinste, sterkste vorm van gemeenskap
- Kulturele mandaat – bewoon, werk, vermeerder – maak die gemeenskap meer en beter
- Beloftes aan Abraham – vir ‘n nuwe gemeenskap
- Geslagsregisters, generasies, name in die Bybel…

Hoe laat dit jou anders dink oor die rolle wat jy tans vervul?

Toe God die wet vir Moses gegee het, was die hele gemeenskap (slawe, mans, vroue, kinders, oud en jonk) teenwoordig. Ook met die uitstorting van die Gees was almal van alle generasies en vlakke daar teenwoordig om eerstehands te ervaar. Ook in Joël 2 word almal ingesluit en geroep.

Dit is nie-onderhandelbaar – as jy ‘n gelowige is, dan is jy ‘n gemeenskaplike – jy verbind jou outomaties tot familie en gemeenskap, want dit is hoe God werk.

Wat beteken dit om deel van ‘n gemeenskap te wees vir jou?

- Jy leef nie meer vir jouself nie
- Jy stel jouself beskikbaar en bloot – jou lewe is ‘n lewende offer vir ‘n groter doel

‘n Ware Gemeenskapskerk



Hoe lyk so ‘n ware gemeenskap prakties?

Nadat Jesus alleen in die woestyn deur Satan in die versoek is, het Hy vir Hom 12 dissipels gaan kies – mense wat naby aan Hom kon wees en by Hom kon leer en saam die pad kon stap. Hierdie gemeenskap het gou uitgekring en ‘n menigte het by die bergpredikasie bymekaargekom. Daar spel Jesus die beginsels van ‘n ware geloofsgemeenskap uit. (Matteus 6). Só lyk God se kerk werklik.

Daar is talle voorbeelde in die Bybel waar ons sien dat die kinders saam met hul ouers van ‘n baie jong ourderdom deel was en oral saamgegaan het om te leer, te luister, te kyk. Selfs so jonk as 3 jaar oud (2 Kronieke 31) het die seuntjies saam met hul pa tempel toe gegaan en was ingesluit.

'n Baie mooi storie is seker die van Simon van Sirene wat Jesus se kruis moes dra. In Markus lees ons die name van sy twee seuns Alexander en Rufus wat waarskynlik daardie dag teenwoordig was en hul pa die kruis sien dra het. Dit moes ’n daadwerklike impak op hul lewens gehad het. In Paulus se seengroet in Romeine 16 salueer hy vir Rufus en sy ma (waarskynlik dieselfde Rufus) wat ‘n noemenwaardige rol in Paulus se lewe gespeel het.

Wat SIEN jou kinders van geloof, gemeenskap, kerk, groei in jou lewe?

Wat SIEN jou huweliksmaat?

Wat SIEN ander rondom jou?

‘n Ware geloofsgemeenskap is dissipels van Christus, en maak dissipels van Christus deur mekaar te wys, te wees en saam te leer.

-Naby genoeg aan mekaar
-Vir lank genoeg
-Om aan te steek



'n Ware gemeenskapskerk plaas mense nie in boksies en kategoriee nie, maar sluit alle geslagte, generasies en vlakke in wat naby genoeg aan mekaar leef om saam te groei.

Daar word in die kerk gepraat van ‘n ***intergenerasionele kerk*** in plaas van ‘n multi-generasionele kerk. Dit verwys dat verskillende generasies en groepe in mekaar se spasie beweeg, eerder as om programme vir verskillende generasies en groepe aan te bied.

Wat dink jy is die voordele hiervan? Hoe lyk dit in jou kerk?

Hoe kan oumense en kinders ‘n groter rol in die groter kerk speel? Vroue? Enkellopendes? Jong mans?




In ons gemeente dink ek daar is baie goeie goed wat in hierdie opsig gebeur. Verskillende generasies word toegelaat om in die erediens met mekaar saam te wees, maar daar is nog baie werk.

Baie mense word steeds uitgesluit omdat hulle nie in ‘n kategorie pas wat die kerk skep nie…. Baie mense word steeds uitgesluit omdat hulle self kies om hul geloof persoonlik te hou. God roep ons tot gemeenskap en ‘n veranderde gemeenskap wat inklusief is!

Die Satan wil juis gemeenskappe opbreek en ons alleen en uitgesluit laat voel – hy takel kerke, huwelike, verhoudings tussen ouers en kinders af.

*Lees **Hebreers 10:24-25**. Wat staan vir jou uit?*



'Laat ons ook na mekaar omsien deur mekaar aan te spoor tot liefde en goeie dade. Ons moenie van die samekomste van die gemeente af wegbly soos party se gewoonte is nie, maar mekaar eerder aanmoedig om daarheen te gaan, en dit des te meer namate julle die oordeelsdag sien nader kom. '

Hebreërs 10:24-25



BID:

- *Here, dankie dat ons nooit alleen is nie*
- *Help my om myself nie net beskikbaar te stel nie, maar bloot te stel vir my gemeenskap en deel te wees*
- *Maak my bewus van mense rondom my vir wie ek ‘n rolmodel en voorbeeld is en na wie ek moet uitreik om hul deel te maak*
- *Here, ons bid vir ons huise en kerke en dat ons sal fokus op liefde en vrede en verhoudings en ‘n geloofsgemeenskap sal wees soos wat U wil hê.*

AMEN.